Graad 2: Maandag, 8 Junie 2020

Afrikaans	
Klanke: sk-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. skilpad, sonskyn: skil + pad ; son + skyn ; skop + fiets ; skaaf + merk ; skeer + mes ; skoot + hond ; uit + skeur ; dood + skiet ; skou + huis ; skuil + plek
Geheuesin	Hulle luister na die mooi musiek op die fluit.
Lees	Lees die storie oor *Skillie Skilpad en die skelm*. (Werkvel 1)
Taalwerk: Invultakie	Gebruik Werkvel 1 se storie van *Skillie Skilpad en die skelm* om jou te help om die regte sk – woorde in te vul in die spasies. (Werkvel 2)
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 2'e van 0 – 40. Tel terug in 2'e van 80 – 40.
Getalle & bewerkings	Wiskunde Boek 1 bl. 76: Voltooi slegs aktiwiteit 1 (die wit blok bo-aan die bladsy) wat fokus op treintjiesomme.
Konsep van die dag: Getal 15	Vandag gaan ons 'n bietjie kyk na getal 15. In jou huiswerkflippie is daar 'n takie oor getal 15. Voltooi daardie takie om jou te help om getal 15 sommer goed te leer ken. Daar waar staan *ontbind: tiene en ene*, werk dit so: 15 = 10 + 5 → t 1 + e 5 (*t* staan vir tiene, daar is 1 tien in 15 en *e* staan vir ene, daar is 5 ene in 15). Onthou by die hondjies werk ons met *maats van 15* → die twee getalle wat onder mekaar staan, moet saam 15 maak.
Lewensvaardigheid	
Motoriek: Touspring As u nie 'n springtou het nie, ignoreer net hierdie aktiwiteit en doen 'n ander springoefening.	Hier volg 'n paar wenke om jou te help as jy sukkel om tou te spring: - Maak seker die tou is die korrekte lengte. - Staan op een plek met jou voete langs mekaar en bons in die lug op. - Plaas die tou agter jou voete, swaai die tou met 'n groot sirkel oor jou kop totdat dit die vloer raak. - Plaas die tou weer agter jou voete, swaai die tou met 'n groot sirkel oor jou kop en probeer die keer om die tou met jou tone vas te trap / te vang. - Plaas die tou weer agter jou voete, swaai die tou met 'n groot sirkel oor jou kop en probeer die keer oor die tou spring wanneer dit by jou voete kom. - Plaas die tou weer agter jou voete, swaai die tou met 'n groot sirkel oor jou kop en probeer elke keer oor die tou spring wanneer dit die grond tref. - 'n Klein bons kan tussen elke sprong gemaak word.

Graad 2: Dinsdag, 9 Junie 2020

Engels	
Phonics: s - sound	Woorde op bl. 16 in Phonics-boekie. Leerders moet die woorde kan skryf en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan mondelings 'n sin maak met elke woord om te wys hulle ken die betekenis van die woord en dan oefen hulle sommer terselfdertyd 'n bietjie om mooi Engels te praat.
Sentence	Skryf die sin op bl. 16 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Reading	Leesstuk nommer 15 op bl. 41 van Phonics-boekie. Leerders kan hierdie leesstuk oefen totdat hulle dit vlot kan lees.
Speaking & Vocabulary	Seasons: summer, winter, autumn (fall), spring → Gesels kortliks in Engels oor die verskillende seisoene. Op bl. 72 – 75 van English Book 1 is daar 'n prent oor elke seisoen wat u kan gebruik as vertrekpunt vir die kort Engelse gesprek oor elke seisoen.
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 2'e van 80 – 120. Tel terug in 2'e van 150 – 120.
Getalle & bewerkings	Wiskunde Boek 1 bl. 95: Voltooi al die aktiwiteite op hierdie bladsy. Dit fokus op verskillende telpatrone in 2'e.
Konsep van die dag: Pylnotasie -	Ons het al gesien watter planne ons maak as ons tweesyfergetalle aftrek van mekaar. In Graad 2 leer ons hoe om hierdie somme met die pylnotasiemetode uit te skryf. Jy weet nou al hoe om pylnotasie plussomme te doen. Vandag leer ons hoe om pylnotasie minussomme te doen. Gebruik die werkvel om te leer hoe om hierdie somme uit te skryf en probeer dan die volgende somme met daardie metode doen: 46 – 19 ; 62 – 14 ; 53 – 27 ; 45 – 26 (Werkvel 3)
Lewensvaardigheid	
Motoriek: Gallop	Gallop soos 'n perd: - Beweeg vorentoe met jou voorste voet. - Bring nou jou agterste voet tot by voorste voet sonder dat jou voete kruis. - Dieselfde voet bly die heeltyd voor.

Graad 2: Woensdag, 10 Junie 2020

Afrikaans	
Klanke: sl-	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. afslag, slimkop: af + slag ; slaag + punt ; deur + slot ; slim + kop ; ge + sluk ; sloop + rok ; toe + sluit ; slaai + bak ; hout + slee ; slap + band ; slaap + sak ; om + slaan ; slak + dop ; in + sluip
Geheuesin	Hulle luister na die mooi musiek op die fluit.
Lees	Lees die leesstuk oor bye. (Werkvel 4)
Taalwerk: Sinonieme	Sinonieme is woorde wat min of meer dieselfde betekenis het. <u>Gee mondelings sinonieme vir die volgende woorde:</u> eensaam ; warmte ; mooi ; moeder ; byna ; vader ; lekker ; bietjie ; hanswors ; predikant
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 5'e van 0 – 50. Tel terug in 5'e van 100 – 50.
Getalle & bewerkings	3 6 ___ ___ ___ 18 ___ ___ ___ ___ 25 30 ___ ___ 45 ___ ___ 40 ___ ___ ___ 32 30 28 36 ___ ___ ___ 20 16 ___ 8 11 21 31 ___ ___ ___ ___ ___ 3 8 13 ___ ___ ___ ___ ___
Konsep van die dag: Grafiek	- Hersien die woordeskat wat gepaard gaan met grafieke: *som van* = plus ; *verskil tussen* = minus ; *altesaam* = plus ; *totaal* = plus - Voltooi nou die werkvel oor grafieke. (Werkvel 5)
Lewensvaardigheid	
Diere wat skuilings bou	Hierdie week gaan ons kyk na diere wat skuilings bou. Vandag leer ons meer oor bye. (Werkvel 4)

Graad 2: Donderdag, 11 Junie 2020

Engels	
Phonics: t - sound	Woorde op bl. 17 in Phonics-boekie. Leerders moet die woorde kan skryf en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan mondelings 'n sin maak met elke woord om te wys hulle weet wat dit beteken.
Sentence	Skryf die sin op bl. 17 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
Afrikaans	
Lees	Lees die leesstuk oor miere. (Werkvel 7)
Skryf sinne	Kies enige 5 van hierdie week se sk – of sl – woorde en skryf 'n pragtige sin met elke woord.
Taalwerk: Antonieme	Antonieme is woorde wat die teenoorgestelde betekenis het. Gee mondelings antonieme vir die volgende woorde: lig ; gelukkig ; nat ; slaap ; groot ; laag ; oud ; oop ; sag ; mooi ; soet ; voor ; reguit
Wiskunde	
Tel mondelings	Tel aan in 5'e van 100 – 150. Tel terug in 5'e van 150 – 100.
Getalle & bewerkings	Wiskunde Boek 1 bl. 119: Voltooi al die aktiwiteite op hierdie bladsy. Dit fokus op verskillende telpatrone in 5'e.
Konsep van die dag: Tyd	- Hersien weer die volgende konsepte oor tydsduur: uur = 60 minute ; halfuur = 30 minute ; kwartier = 15 minute - Voltooi die werkvel oor tyd en kyk wat jy alles onthou. (Werkvel 6)
Lewensvaardigheid	
Diere wat skuilings bou	Hierdie week gaan ons kyk na diere wat skuilings bou. Vandag kyk ons na miere. (Werkvel 7)

Graad 2: Vrydag, 12 Junie 2020

Afrikaans	
Lees	Lees die leesstuk oor voëls. (Werkvel 8)
Taalwerk: Verlede tyd Voorsetsels	- Huistaal Boek 1 bl. 76: Voltooi slegs die aktiwiteit onderaan bl. 76 oor die verlede tyd. Omkring elke keer die regte woord (*het* of *was*). - Huistaal Boek 1 bl. 77: Voltooi slegs die aktiwiteit bo-aan bl. 77 waar jy die korrekte woorde moet invul by die vier sinne.
Klanketoets	Vra vir Mamma/Pappa om vir jou 10 saamgestelde woorde te vra uit die woorde wat ons hierdie week geleer het. Kyk of jy hulle almal reg kan skryf. Moenie van die geheuesin vergeet nie!
Geheuesin	Hulle luister na die mooi musiek op die fluit. (Maak deel van klanketoets.)
Engels	
Phonics test	Vra vir Mamma/Pappa om vir jou 10 van hierdie week se Engelse woorde te vra. Moenie vergeet van die sinne op bl. 16 en 17 van jou Phonics-boekie nie!
Wiskunde	
Teloefeninge	As jy wil, kan jy die aktiwiteite onderaan bl. 94 en onderaan bl. 118 van Wiskunde Boek 1 doen waar jy op die 100 – blok in 2'e en 5'e tel. Hierdie aktiwiteit is nie verpligtend nie, dit is net 'n vasleggingstakie.
Getalle & bewerkings	Wiskunde Boek 1 bl. 78: Voltooi slegs aktiwiteit 1 (die wit blok bo-aan die bladsy) wat fokus op treintjiesomme.
Konsep van die dag: Breuke	Breuke ontstaan wanneer ons iets in gelyke dele verdeel. Voltooi die werkvel oor breuke om te kyk of jy nog mooi kan onthou wat jy al alles oor breuke geleer het. (Werkvel 9)
Lewensvaardigheid	
Diere wat skuilings bou	Hierdie week gaan ons kyk na diere wat skuilings bou. Vandag leer ons meer oor voëls. (Werkvel 8)

SKAKELS NA YOUTUBE VIDEO'S

Afrikaans

Sinonieme en antonieme: https://youtu.be/2nwyFmTobz0

Wiskunde

Tel in 2: https://youtu.be/XxEH7QHGt3o
Tyd: https://youtu.be/IYFx95oTj94

Engels

Seasons: https://youtu.be/owppK-GHPTU
The s – sound: https://youtu.be/4RWXeGGAs7c
Letterland s – song: https://youtu.be/frLPWGdq3Kk
The t – sound: https://youtu.be/VIPfxokADXY
Letterland t – song: https://youtu.be/gcNyACBVitU

Lewensvaardigheid

Gallop: https://youtu.be/IwSzwWeWXp4
Touspring: https://youtu.be/KYISiTGD2_I

Werkvel 1: Skillie Skilpad en die skelm

Skillie Skilpad woon op ‘n groot plaas. Skillie is ‘n spesiale skilpad, want hy is van ‘n skaars soort. Daarby is Skillie ‘n skaam skilpad, want hy kruip heeldag in sy dop weg.

Een aand, net toe dit begin skemer word, gebeur daar skielik iets. Terwyl die maan helder skyn, sluip ‘n skelm nader om een van die boer se skape te steel. Hy loer die heeltyd oor sy skouer, want die ou skelm is maar skrikkerig. Daar voor hom sien hy ‘n lekker groot klip om op te rus, want hy moes baie ver stap. Net toe hy lekker sit, beweeg die klip skielik onder hom. Die skelm was so geskok dat hy skoon van die skaap vergeet. Hy hardloop om die skuur, reguit na die boer se twee kwaai honde.

Die honde sien sy skaduwee en begin dadelik blaf. Die boer skiet net een skoot en die honde jaag die skelm. Hulle skeur ‘n stuk van sy broekspyp af en toe hardloop die skelm so vinnig weg dat net sy skoene agterbly.

As dit nou nie vir ou Skillie was, wat besluit het om teen skemer ‘n entjie te gaan stap nie, was die boer ‘n skaap kwyt.

Werkvel 2: Skillie Skilpad en die skelm

Skillie Skilpad woon op 'n groot plaas. Skillie is 'n spesiale _____, want hy is van 'n _____ soort. Daarby is Skillie 'n _____ _____, want hy kruip heeldag in sy dop weg. Een aand, net toe dit begin _____ word, gebeur daar _____ iets. Terwyl die maan helder _____, sluip 'n _____ nader om een van die boer se _____ te steel. Hy loer die heeltyd oor sy _____, want die ou _____ is maar _____. Daar voor hom sien hy 'n lekker groot klip om op te rus, want hy moes baie ver stap. Net toe hy lekker sit, beweeg die klip _____ onder hom. Die _____ was so geskok dat hy _____ van die _____ vergeet. Hy hardloop om die _____, reguit na die boer se twee kwaai honde. Die honde sien sy _____ en begin dadelik blaf. Die boer _____ net een _____ en die honde jaag die _____. Hulle _____ 'n stuk van sy broekspyp af en toe hardloop die _____ so vinnig weg dat net sy _____ agterbly. As dit nou nie vir ou Skillie was, wat besluit het om teen _____ 'n entjie te gaan stap nie, was die boer 'n _____ kwyt.

Werkvel 3: Pylnotasie —

Dit is hoe ons hierdie somme gaan uitskryf in Graad 2: bv. 29 — 13

1. Omkring die eerste getal om jou te help onthou dat jy hierdie getal net so moet gebruik. Breek vir jouself die tweede getal op in tiene en ene.	
2. Minus eers die tiene (10). *Gebruik 'n →, want die som is nog nie klaar nie.*	29 — 10 → 19
3. Nou gaan ons die ene (3) wegneem.	29 — 10 → 19 — 3 = 16

Hier is nog 'n paar voorbeelde:

Ons som is 36 — 12:	Ons som is 52 — 25:
36 — 10 → 26 — 2 = 24	52 — 20 → 32 — 5 = 27

Werkvel 4: Bye

Bye woon in byekorwe. Nadat die koninginby met 'n hommelby gepaar het, maak haar liggaam was. Sy gebruik hierdie was om 'n paar selle te bou wat elkeen ses kante het. Die koningin lê een eier in elke sel en as die eier uitbroei, kom daar 'n werkerby uit. Die jong werkers bou nog selle langs mekaar en hierin lê die koningin nog eiers. Gou bestaan die kolonie uit 'n paar duisend werkers. Hulle versorg die koningin, versamel die stuifmeel en nektar van blomme as voedsel en bêre dit in hul korwe. Die bye gebruik nektar om heuning te maak.

Werkvel 5: Grafiek

Thandi wil groente verkoop aan haar vriende vir sakgeld. Sy vra haar klasmaats van watter groente hulle die meeste hou en maak toe 'n grafiek daaroor. Bestudeer die grafiek en beantwoord dan die vrae.



1. Watter groente word deur die meeste leerders verkies?
2. Hoeveel kinders hou van pampoen?
3. Van watter groente hou hulle die tweede minste?
4. Watter twee groentes word deur ewe veel leerders verkies?
5. Wat is die som van die tamaties en die pampoen?
6. Wat is die verskil tussen die aantal ertjies en die aantal mielies?
7. Hoeveel kinders het in totaal gestem?
8. Hoeveel kinders hou van beet?
9. Watter 4 soorte groente moet Thandi verkoop?

Werkvel 6: Tyd

1. Teken die wysers in om aan te dui hoe laat dit is.

			
kwart voor 3	6 uur	kwart oor 12	half 9
			
halftwee	kwart oor ag	tienuur	kwart voor vyf

2. Kies die antwoord: Hoeveel tyd het verloop tussen die 2 horlosies?

60 minute 30 minute 15 minute 	 60 minute 30 minute 15 minute 
 60 minute 30 minute 15 minute	60 minute 30 minute 15 minute
 60 minute 30 minute 15 minute	 60 minute 30 minute 15 minute 
 60 minute 30 minute 15 minute	60 minute 30 minute 15 minute

Werkvel 7: Miere

Die meeste miere bou wonderlike neste. Sommige maak hul neste in die grond of onder klippe. Ander bou miershope. Elke nes het 'n netwerk van tonnels en kamers. In een nes lewe daar duisende miere, wat 'n kolonie genoem word. Die koninginmier heers oor die kolonie. Sy woon in 'n kamer in die middel van die nes. Sy lê net eiers. Die meeste van die ander miere is werkers. Hulle maak die nes heel, dra eiers na spesiale kamers toe waar dit kan uitbroei en sorg vir kleintjies. Ander werkers soek vir kos. Miere kommunikeer met mekaar. Hulle waarsku mekaar wanneer daar gevaar is en hulle vertel vir mekaar waar om kos te kry.

Werkvel 8: Voëls

Voëls bly nie die heeltyd in neste nie. Hulle bou neste as skuilings, om eiers in te lê en hul kleintjies groot te maak. Elke voël bou 'n unieke nes wat by hom pas, nie alle neste is dieselfde nie.

Neste op die grond is gewoonlik eenvoudig – miskien uitgevoer met gras, klippe, 'n paar saamgegooide stokkies of riete. Die eiers en klein voëltjies word meestal deur kamoeflering beskerm.

Die mees tipiese neste is egter die komvormige neste wat ons almal ken. Hierdie neste hou die eiers baie veilig en beskerm die klein voëltjies pragtig.

Werkvel 9: Breuke

Watter breuk is ingekleur?

			
			

Kleur die aangeduide breukdele in.

$\frac{2}{3}$ 	$\frac{3}{5}$	$\frac{1}{2}$ 	$\frac{4}{6}$ 
$\frac{3}{4}$ 	$\frac{1}{3}$	$\frac{4}{5}$ 	$\frac{2}{4}$

ADDISIONELE WERKVEL

1. Phonics (Revision of s- and t-sound)

   We like to play in the  .

   I am  years old.

   My mom can count to .

   I open the to drink water.

   We  on the chair.

   I want to open the .

ADDISIONELE WERKVEL

2. Maats van 15 (plus)

9 + = 15	8 + = 15	3 + = 15	6 + = 15
4 + = 15	10 + = 15	7 + = 15	1 + = 15
2 + = 15	14 + = 15	5 + = 15	12 + = 15

3. Maats van 15 (minus)

15 – 7 =	15 – 6 =	15 – 10 =	15 – 4 =
15 – 5 =	15 – 2 =	15 – 3 =	15 – 11 =
15 – 1 =	15 – 8 =	15 – 9 =	15 – 12 =

4. Treintjiesomme (getal 15)

6 + 2 + = 15	5 + + 2 = 15	15 – – 2 = 6
8 + + 3 = 15	+ 3 + 3 = 15	15 – 3 – 1 =
+ 4 + 3 = 15	2 + 5 + = 15	15 – 5 – = 2
5 + 3 + = 15	12 + + 3 = 15	15 – – 3 = 9
1 + + 0 = 15	15 – 4 – = 7	15 – 3 – 2 =
+ 1 + 1 = 15	15 – 8 – 2 =	15 – 6 – = 5
3 + 0 + = 15	15 – 4 – = 8	15 – – 7 = 3

5. Maats van 15 (Die 2 getalle wat onder mekaar staan, maak saam 15.)

5		13		6		1		15
	8		11		12		0	

ADDISIONELE WERKVEL

6. Pylnotasie +

bv: 36 + 18 30 + 10 → 40 + 8 → 48 + 6 = 54
34 + 29
46 + 12
58 + 24
33 + 15
49 + 26
54 + 18
37 + 23

7. Skeppende skryfwerk

Die son skyn warm. Jannie sit langs die dam. Hy wag vir 'n vissie om aan die aas te byt sodat hy hom kan uittrek. Jannie wag en wag. Sy katjie, Meelblom, sit ook en wag. Daar byt die vis! Jannie pluk die lyn vinnig uit die water. "Jippie!" skree hy. "Ek het jou klein vissie, ek het jou!" Meelblom is ook bly oor die vissie. Jannie stap huis toe. Hy sing en sing. Meelblom loop agter Jannie en sy vissie aan.

Opdrag: Nou moet jy die storie verder skryf.

ADDISIONELE WERKVEL

8. Pylnotasie –

bv: 63 – 24 63 – 20 → 43 – 4 = 39
52 – 16
31 – 24
43 – 16
54 – 28
35 – 17
44 – 25
21 – 14

9. Rangskik die woorde in elke sin in die korrekte volgorde.

9.1 die kos Mamma op die stoof sit

9.2 Die lê hond slaap en

9.3 gaan sy huiswerk Boet doen

9.4 sit Oupa sy rook en pyp

ADDISIONELE WERKVEL

10. Taalwerk

Berta trek haar nagklere aan en sleep haar beertjie agter haar aan. Sy gaan nou in die bed lê en uit haar boek lees. Haar beertjie gaan styf teen haar lê.

10.1 Skryf die sin in die **verlede tyd**: Berta gaan uit haar boek lees.

10.2 Skryf die sin in die **toekomende tyd**: Berta en haar beertjie slaap.

10.3 Skryf die sin in die **teenwoordige tyd**: Sy het haar nagklere aangetrek.

10.4 Skryf 3 **werkwoorde** (doenwoorde) uit die leesstuk neer.

10.5 Vul die regte **voorsetsels** in:

10.5.1 Sy sleep die beertjie _____ haar aan.

10.5.2 Berta gaan nou _____ haar boek lees.

10.5.3 Hulle gaan _____ die bed lê.

uit
in
agter

10.6 Breek die woorde op in **lettergrepe**:

storieboek	
nagklere	

10.7 Skryf die sinne oor en gebruik die regte **leestekens**:

10.7.1 gaan berta en haar beertjie nou slaap

10.7.2 lê nou stil

10.7.3 berta lees in die storie oor koos se trekker